# HANTAM MUNISIPALITEIT
# HANTAM MUNICIPALITY

Hantam Munisipaliteit, met sy setel op Calvinia, beskik tans oor die volgende vakature en aansoeke word ingewag van bevoegde persone wat aan die gestelde minimum posvereistes voldoen. Voorgeskrewe aansoek vorms is beskikbaar by die kantore en op die webtuiste (**www.hantam.gov.za**) van Hantam Munisipaliteit. Vroue en persone met gestremdhede word aangemoedig om aansoek te doen.

**HER-ADVERTENSIE**

## INTERNE OUDIT INTERNSKAPPROGRAM (1 Pos)
**VERWYSINGS NR : FIN09-2025/2026**
**(24 MAANDE KONTRAK)**

*Dit is ‘n kapasiteits bou inisiatief vanaf Nasionale Tesourie met die doel om finansiële kapasiteit binne munisipale finansies te bevorder. Die program het ten doel om gegradueerdes (Interns) die geleentheid te bied om blootstelling te verkry in die verskillende funksies binne ‘n munisipale omgewing.*

Om te voldoen aan die vereistes van die pos, moet u oor die volgende beskik:

**Posvereistes**: `n Drie (3) –jaar Baccalaureusgraad / Nasionale Diploma met Rekeningkunde, Ekonomie, Finansies, Interne Oudit en/of RisikoBestuur ● Rekenaargeletterdheid (MS Office Pakket) ● Persone tussen die ouderdomme van 18-35 Jaar ● Bevoegdheid in ten minste twee (2) van die amptelike tale van die Wes - Kaap (Afrikaans/Engels/Xhosa – Skryf, Lees en Praat) ● Goeie menseverhoudinge, interpersoonlike en kommunikasie vaardighede ● Vermoë om op fynere besonderhede te fokus ● Hoë vlak van verantwoordelikheid ● Rekenkundige en syfervaardighede ● Verslagsdoeningsvaardighede ● Basiese kennis van maandelikse rekonsiliasies en ondervinding met betrekking tot finansiële & voorsieningskanaalprosesse.

**Sleutelprestasie Areas** : Assisteer met die implementering van aanvaarde munisipale rekenkundige praktyk en begrotingshervorming ● Opleiding in die sleutelprestasie areas van finansiële & voorsieningskanaalprosesse ● Rekonsiliasies en finansiële ontleding ● Elektroniese versameling van finansiële data.

**STANDPLAAS** : Calvinia
**SALARIS :** R100 000.00 Per jaar alles insluitende pakket.

**ALGEMEEN :**

● Gewaarmerkte afskrifte van identiteitsdokument, kwalifikasies, sertifikate, nie ouer as 6 maande nie, sowel as 'n volledige CV, moet jou aansoekvorm vergesel. ● Indien jy nie binne 4 weke na die sluitingsdatum enige terugvoer van die munisipaliteit ontvang nie, kan u aanvaar dat jou aansoek onsuksesvol was. ● Die munisipaliteit respekteer die voorwaardes van die beskerming van persoonlike inligting wat jy aan ons verskaf het en dat inligting waar, op datum en korrek. ● Slegs kandidate op die kortlys sal gekontak word. ● Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie. ● E-posaansoeke sal aanvaar word. ● Vroue, jeug en mense met gestremdhede is welkom om aansoek te doen ● Werwing by raadslede en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van die Hantam Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer. ● Gebruik asseblief die korrekte aansoekvorm soos per webwerf verskaf. ● Daar sal van suksesvolle kandidaat(e) verwag word om 'n dienskontrak, openbaarmaking van belange van voordele en 'n prestasiekontrak (waar van toepassing) met die werkgewer te onderteken. ● Alle aanstellings is onderhewig aan polisieklaring, wat beteken dat deur aansoek te doen vir 'n pos by die munisipaliteit, jy ons toestemming gee om 'n polisieklaring te kry. prestasiekontrak (waar van toepassing) met die werkgewer te onderteken.

**Aansoeke kan gerig word aan:** Munisipale Bestuurder: Mnr. J.J. Fortuin, Hantam Plaaslike Munisipaliteit, Dr Nelson Mandela-rylaan 20, Calvinia, 8190, E-pos: records@hantam.gov.za

**Navrae kan gerig word aan:** Mev E. de Wet; Direkteur: Korporatiewe Dienste by 027 341 8500

Hantam Plaaslike Munisipaliteit behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

**SLUITINGSDATUM: DONDERDAG, 30 APRIL 2026**